# PROFESSIONELE SKADELOOSSTELLING VIR HAARKAPPERS

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van enige werklike of beweerde (buiten as deur die Versekerde) nalatige optrede, fout of weglating gepleeg in die uitvoering van die Professionele Pligte van die Versekerde onderneem in die loop van of in verband met die Besigheid op of na die Terugwerkende datum wat in die Bylae vermeld word, en wat 'n eis of eise tot gevolg het wat eerstens skriftelik teen die Versekerde ingestel word gedurende die Versekeringstydperk.

## OMSKRYWINGS

### Besigheid

Die besigheid van die Versekerde soos in die polis se bylaes vermeld.

### Kostes en Uitgawes

Koste, uitgawes en regskoste verhaalbaar van die Versekerde deur 'n eiser of aantal eisers, of aangegaan deur die Maatskappy, of aangegaan deur die Versekerde met die Maatskappy se vooraf toestemming:

1. in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie afdeling van die Polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde ingestel word met betrekking tot Besering of Skade of ander aanspreeklikheid soos verseker in terme van hierdie Afdeling van die Polis;

2. in die verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ongeluksnavraag met betrekking tot Besering wat die onderwerp mag wees van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis en/of in die verdediging van enige geding in 'n Hof van Summiere Jurisdiksie met betrekking tot sake wat die onderwerp mag uitmaak van skadeloosstelling deur hierdie Afdeling van die Polis.

### Dokumente

Skuldbriewe, aandelesertifikate, depositostrokies, oordragte, koeponne, waarborge, wissels, promesse, verbandaktes, volmag, aktes, testamente, ooreenkomste, kaarte, planne, rekords (hetsy op papier, mikro-film, magnetiese band of skyf) en geskrewe en gedrukte dokumente en vorms van enige aard, wat aan die Versekerde behoort of waarvoor die Versekerde in verband met die "Besigheid" verantwoordelik is.

### Versekerde

1. die Maatskappy, Vennootskap, Beslote Korporasie, Vereniging of Persoon wat in die Bylae genoem word;

2. enige huidige (insluitend aanstellings gemaak gedurende die Versekeringstydperk) of vorige Direkteur, Vennoot, Lid of Prinsipaal van die Versekerde;

3. enige huidige of vorige werknemer van die Versekerde met betrekking tot die Professionele Pligte of aktiwiteite wat uitgevoer word in die loop en omvang van daardie werknemer se diens by die Versekerde soos in 1 hierbo bedoel;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Professionele pligte

Die aktiwiteite en pligte wat binne die normale omvang van pligte val wat deur ‘n professioneel gekwalifiseerde persoon uitgevoer word wie behoorlik geregistreer en/of gesertifiseer is in terme van die huidige toepaslike Wet(te) wat die Besigheid beheer.

# SKADELOOSSTELLINGSPERKE

Die bedrag betaalbaar, insluitend enige Kostes en Uitgawes en Gevorderde Kostes, ten opsigte van enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die Skadeloosstellingsperk wat in die Bylae teenoor “Skadeloosstellingsperk (per gebeurtenis)” of “Skadeloosstellingsperk (per versekeringstydperk)” vermeld word, oorskry nie, indien daar veelvuldige eise is gedurende een (jaarlikse) Versekeringstydperk.

Waar een optrede, fout of weglating meer as een eis teen die Versekerde tot gevolg het, sal alle sodanige eise gesamentlik een eis ingevolge hierdie polis uitmaak.

In die geval waar enige enkele oorspronklike oorsaak aanleiding gee tot ‘n eis of reeks eise wat die onderwerp uitmaak van skadeloosstelling deur meer as een uitbreiding van hierdie Afdeling, sal elke uitbreiding afsonderlik van toepassing wees en onderworpe wees aan sy eie afsonderlike Skadeloosstellingsperk, altyd met dien verstande dat die totale bedrag van die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk sal wees tot die hoogste Skadeloosstellingsperk beskikbaar onder enige een van die Uitbreidings wat skadeloosstelling verskaf vir die eis of reeks eise.

Indien meer as een Versekeringstydperk van hierdie Polis, ná die hernuwing of vervanging op ‘n oorspronklike oorsaak of bron van toepassing is, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk wees tot die maksimum Skadeloosstellingsperk vir enige enkele sodanige Versekeringstydperk. Indien die premie maandeliks deur middel van ‘n debietorder betaal word, word die woorde “vir enige enkele sodanige Versekeringstydperk” gewysig om te lees “vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum”.

Sou die Skadeloosstellingsperk gedurende die Versekeringstydperk verhoog word, sal die aanspreeklikheid van die Maatskappy met betrekking tot eise wat teen die Versekerde ingestel word of vir omstandighede waaroor die Maatskappy voor sodanige verhoging ingelig is of ingelig moes gewees het, nie die Skadeloosstellingsperk van toepassing voor sodanige verhoging, oorskry nie.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van:

## 1. Werknemers

aanspreeklikheid opvolgend tot die dood of liggaamlike besering van of siekte of kwaal wat deur enige persoon opgedoen word wat onder ‘n kontrak van indiensneming of vakleerlingskap met die Versekerde is waar sodanige dood, besering, siekte of kwaal voortspruit uit en in die loop van diens by die Versekerde.

## 2. Eiendom

enige eis wat voortspruit uit die verlies van of skade aan eiendom van watter aard ook al, hetsy dit behoort aan die Versekerde of deur hulle in trust gehou word insluitend die gevolglike verlies van gebruik van daardie verlore of beskadigde eiendom en gevolglike verliese wat daaruit voortspruit.

## 3. Kontrakbreuk

enige eis wat voortspruit uit kontrakbreuk tensy sodanige breuk ‘n breuk of beweerde breuk van Professionele Pligte is deur die Versekerde of enige persoon waarop die Versekerde vertrou het;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## 4. Aanspreeklikheid aanvaar deur Versekerde

enige aanspreeklikheid wat verband hou met plig of verpligting wat deur die Versekerde aanvaar is deur middel van waarborg, kontrak, skadeloosstelling of vrywaringsooreenkoms, tensy die Versekerde aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige aanvaarde plig of verpligting;

## 5. Direkteure en beamptes

enige eis wat voortspruit uit die aktiwiteite as ‘n direkteur of beampte van enige maatskappy tensy aanspreeklikheid sou ontstaan het indien die Versekerde nie in daardie posisie van ‘n direkteur of beampte van die maatskappy was nie.

## 6. Dokumente

enige koste van vervanging of herstel van Dokumente;

## 7. Rekenaardata

enige eis wat voortspruit uit die verlies van of distorsie van rekenaardata te wyte aan:

7.1 die teenwoordigheid van magnetiese stroom;

7.2 defekte in die data-bande of ander data-media;

7.3 gebruik of verwerking terwyl dit in of op enige masjien gemonteer is;

7.4 slytasie, ongedierte of geleidelike agteruitgang;

7.5 klimaats- of atmosferiese toestande of uiterste temperature;

## 8. Produkaanspreeklikheid

enige eis indien skade of besering regstreeks of onregstreeks voortspruit uit enige eiendom wat deur of namens die Versekerde vervaardig, opgerig, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, verander of herstel is;

## 9. Geld en diefstal

enige eis wat voortspruit uit:

a) verlies van geld (insluitende, maar nie beperk nie tot, pos- en geldorders en Krugerrande);

b) diefstal of vervalsing;

## 10. Laster

enige eis wat voortspruit uit laster;

## 11. Oneerlike, kriminele en kwaadwillige dade

enige aanspreeklikheid of eis wat veroorsaak word of waartoe bygedra word deur die oneerlike, kriminele of kwaadwillige daad of weglating wat deur of namens die Versekerde gepleeg word;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## 12. Geassosieerde, moeder- of filiaalmaatskappye

enige eis wat teen die Versekerde of enige geassosieerde, moeder- of filiaalmaatskappy of enige persoon of entiteit wat 'n finansiële of uitvoerende belang in die Versekerde het, ingestel word, tensy dit regstreeks ontstaan uit 'n onafhanklike derdeparty;

## 13. Insolvensie, likwidasie of geregtelike bestuur

enige eis wat voortspruit uit of weens die insolvensie, likwidasie of geregtelike bestuur van die Versekerde of van enige party wat 'n ooreenkoms met die Versekerde aangaan;

## 14. Handelsverliese of –aanspreeklikhede

enige eis wat voortspruit uit of in verband met enige handelsverliese of handelsaanspreeklikhede wat deur enige Besigheid aangegaan word wat deur die Versekerde bestuur word;

## 15. Invloed van alkohol of verdowingsmiddels

enige eis wat voortspruit uit dienste gelewer terwyl onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels;

## 16. Versuim om versekering uit te neem of in stand te hou

enige eis as gevolg van die versuim om versekering uit te neem of in stand te hou;

## 17. Ander versekering

enige eis ten opsigte waarvan die Versekerde ingevolge enige ander versekering op skadeloosstelling geregtig is en hierdie polis sal nie bydra tot sodanige ander versekering nie, behalwe ten opsigte van enige bybetalings bo die bedrag betaalbaar ingevolge sodanige Versekering;

## 18. VSA en/of Kanada

aanspreeklikheid wat voortspruit uit die bedryf van die Besigheid in die Verenigde State van Amerika en/of Kanada;

## 19. Beleggings en ander finansiële transaksies

enige eis wat voortspruit uit of bygedra word deur waardevermindering (of versuim om in waarde toe te neem) van enige beleggings, met inbegrip van sekuriteite, kommoditeite, geldeenhede, opsies en toekomstige transaksies, of as gevolg van enige werklike of beweerde voorstelling of waarborg verskaf deur of namens die Versekerde ten opsigte van die prestasie van enige sodanige beleggings.

Dit word egter ooreengekom dat hierdie uitsluiting nie van toepassing sal wees nie op enige verlies wat uitsluitlik ontstaan weens nalatigheid aan die kant van die Versekerde of werknemer van die Versekerde in versuim om 'n spesifieke transaksie in ooreenstemming met die spesifieke vooraf instruksies van 'n kliënt van die Versekerde in plek te stel;

## 20. Besoedeling

enige eis wat voortspruit uit of regstreeks of onregstreeks verband hou met of as gevolg van deursypeling, besoedeling of kontaminasie van enige aard, behalwe dat hierdie uitsluiting nie van

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

toepassing sal wees nie ten opsigte van enige verlies of enige eis wat voortspruit uit 'n pligsversuim in die uitvoer (of versuim om uit te voer) van enige Professionele Pligte;

## 21. Boetes, strafvoltrekkings en soortgelyke skadevergoeding

enige boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

## 22. Jurisdiksie

enige skadevergoeding ten opsigte van uitsprake, toekenning of skikking wat binne die Verenigde State van Amerika of Kanada gemaak is (of ten opsigte van enige bevel gemaak enige plek in die wêreld om sodanige uitspraak, toekenning of skikking, hetsy in geheel of gedeeltelik, af te dwing);

## 23. Gebeurtenisse bekend aan die Versekerde

enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die Versekerde bekend is:

23.1 wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die Maatskappy aangemeld is nie;

23.2 voor die inwerkingtreding van hierdie afdeling of inwerkingtreding van enige uitbreiding ingevolge hierdie afdeling.

## 24. Eerste bedrag betaalbaar

die eerste bedrag betaalbaar. Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar in die Bylae vermeld van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike bron of oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing oo alle eise, insluitende eise vir Koste en Uitgawes. Dit word ooreengekom dat indien enige uitgawes deur die Maatskappy aangegaan word wat vanweë die eerste bedrag betaalbaar die Versekerde se verantwoordelikheid is, sodanige uitgawe onmiddellik deur die Versekerde vergoed sal word.

## 25. Moedswillige of opsetlike dade

aanspreeklikheid wat voortspruit uit die moedswillige, doelbewuste en opsetlike verontagsaming deur die bestuur van die Versekerde van die behoefte om redelike voorsorgmaatreëls te neem ter voorkoming van enige gebeurtenis of omstandigheid wat aanleiding kon gee tot 'n eis.

## 26. Onregmatige mededinging

enige werklike of beweerde eis of eise wat op watter manier ook al ontstaan in verband met of gebaseer op of voortspruitend uit of wat op enige manier te doen het met werklike of beweerde wederregtelike mededinging, onbillike praktyke, misbruik van monopolie mag, kartelaktiwiteite of wat andersins mag voortspruit uit of gebaseer wees op of verband hou met enige oortreding van 'n bepaling van die Wet op Mededinging, Wet Nr. 89 van 1998 (soos gewysig) of enige soortgelyke voorskrif, wet of regulasie soos wat van krag mag wees in enige jurisdiksie of land waar die Versekerde se aanspreeklikheid ontstaan het.

## 27. Spesifieke behandelings

enige eis vir skadevergoeding wat voortspruit uit enige behandeling waarby die sny of prilk van die vel betrokke is;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - kan van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## 28. Leerders of vakleerlinge

enige eis vir skadevergoeding veroorsaak deur ‘n vakleerling of leerder tensy sodanige vakleerling of leerder onder die direkte toesig van ‘n gekwalifiseerde haarkapper werk.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Eise aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel

Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word weens ‘n Omskrewe Gebeurtenis wat aangemeld word in terme van Algemene voorwaarde 6 (hierna genoem “aangemelde gebeurtenis”) sal hanteer word asof dit aanvanklik teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag as wat die Versekerde die gebeurtenis by die Maatskappy aangemeld het.

## 2. Aanmeld van gebeurtenisse na kansellasie of nie-hernuwing van polis

In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis, mag die Versekerde ‘n gebeurtenis in terme van Algemene voorwaarde 6 by die Maatskappy aanmeld binne 30 dae na die verstryking van die Versekeringstydperk, op voorwaarde dat sodanige gebeurtenis gedurende die Versekeringstydperk plaasgevind het.

## 3. Reeks eise van een oorspronklike oorsaak

Enige reeks eise ingestel teen die Versekerde deur een of meer as een eiser gedurende enige Versekeringstydperk as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron sal hanteer word asof hulle aanvanklik teen die Versekerde ingestel is:

3.1 op die datum waarop die gebeurtenis deur die Versekerde aangemeld is in terme van Algemene voorwaarde 6,

of

3.2 indien die Versekerde nie bewus was van enige gebeurtenis wat tot ‘n eis aanleiding kon gee nie, op die datum wat die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel is.

## 4. Rekordhouding

Die Versekerde sal te alle tye akkurate en beskrywende rekords van alle Professionele pligte en dienste hou, en hierdie rekords sal, in soverre dit betrekking het op enige eis kragtens hierdie polis, vir inspeksie en gebruik deur die Maatskappy of hul behoorlik aangestelde verteenwoordigers beskikbaar wees.

## 5. Toets van kleursel of behandelings

Enige kleursel of ander behandeling moet getoets word soos vereis of aanbeveel deur die vervaardigers, verspreiders of verskaffer van sodanige kleursel of behandeling. Indien sodanige toets onvoldoende blyk te wees binne die diskresie van die Maatskappy, sal die Maatskappy nie aanspreeklik wees nie met betrekking tot enige eis vir skadevergoeding wat voortspruit uit sodanige kleursel of behandeling, behalwe skade wat voortspruit uit die toets;

## 6. Toesig van leerders of vakleerlinge

Alle vakleerlinge of leerders moet onder die direkte toesig van ‘n gekwalifiseerde haarkapper werk.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

onder elke uitbreiding.

## Verkrygings en nuwe besighede

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling van die Polis verleen word, word uitgebrei tot enige maatskappy wat deur die Versekerde gedurende die Versekeringstydperk gestig en/of verkry word binne 'n tydperk van 90 dae van sodanige stigting en/of verkryging.

Altyd met dien verstande dat:

1. die Terugwerkende datum ten opsigte van sodanige nuwe maatskappy geag word as die datum te wees waarop 'n nuut-gestigte en/of verkrygde maatskappy die eerste keer aanspreeklikheidsversekering aangekoop het van die tipe hiervolgens verseker op 'n "Eise ingestel" grondslag, onderworpe aan 'n verklaring deur die nuut-verkrygde maatskappy se vorige bestuur van geen bekende of aangemelde eise of omstandighede wat waarskynlik aanleiding sal gee tot 'n eis op die datum van verkryging nie. In geval van geen sodanige verklaring sal die Terugwerkende datum die datum van die verkryging wees;
2. die Versekerde se sake-aktiwiteite onveranderd bly;
3. die jaarlikse omset van alle nuut-gestigte en/of verkrygde maatskappye nie meer is as 5% (vyf persent) van die beraamde jaarlikse omset van die Versekerde, soos aan die Maatskappy bekend gemaak by die inwerkingtreding hiervan nie;
4. die Versekerde die Maatskappy in kennis sal stel van sodanige stigtings en/of verkrygings voor die 90 dae verstryk het en die Maatskappy die bepalings van hierdie afdeling van die Polis dienooreenkomstig mag wysig.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge